

# Nuusbrief 8

## 11 Maart 2021

### *op die Wonniewerf*

- Boodskap van die Hoof
- Rugby – 0/9 tot 0/13
- Handboekkontrole – Graad 4 tot 7
- Ware Wonnie Balkie
- Wonderklankies
- Senior- en Junior Koor
- Vakante Naskool Toesighouerspos
- 2020-Trofees
- Wonnie Teatro Oudisies
- BL-verkiesing: 18 Maart 2021 vanaf 07:00 tot 18:00
- Hokkie – 0/12 tot 0/13
- Skaak
- Alle naskoolaktiwiteite – Toegang tot die skoolterrein
- Mini-Netbal – 0/7 tot 0/9
- Netbal – 0/10 tot 0/13
- Terugkeer van leerders
- Opedag: Graad R en Graad 1
- Betaling van skoolgeld
- Google Classroom
- Wonnies Bulletjie Rugby
- Wonderboom Alumni Snoepwinkel
- MySchool



Geagte Ouers en Wonnie-personeel

Die tyd vlieg voorwaar en dit is met 'n swaar hart wat ek afskeid van die Beheerliggaam neem. Hulle het ten alle tye die skool, opvoeders, leerders en ouers se belange voorop gestel. 'n Span wat kundigheid na die tafel gebring het en letterlik en figuurlik 'n ryk nalatenskap vir die skool agterlaat het. Dit spreek van leierskap! Die laaste jaar met Covid het ander uitdagings op hulle pad gebring. Elke vergadering was konstruktief om nog meer drome vir ons mooi skool te bou. Dalk nie 'n een jaar plan nie, maar 'n drie jaar plan. Daar is lede wat 'n tweede termyn gedien het en die kontinuïteit het net verseker dat die wiel nie weer herontwerp word nie. Hulle was altyd beskikbaar, al moes hulle hul professionele en gesinstyd opoffer, was hulle net 'n telefoonoproep ver.

Mnr. Johan Bornman – Ouerlid (Voorsitter)
Mnr. Jacques van Heerden – Ouerlid (Tesourier)
Me. Erna Erasmus – Ouerlid
Mnr. Danie Smit – Ouerlid
Mnr. Frans Parsons – Ouerlid
Mnr. Marius Meyer – Ouerlid
Mnr. Henry Adendorff (Gekoöpteer)
Mnr. John du Plessis (Gekoöpteer)
Me. Gerda Swartz – Opvoederlid
Mnr. Jaco Hauptfleisch – Opvoederlid
Mnr. Rudolf Labuschagne – Opvoederlid
Me. Annelize Worst – Nie-opvoederlid (Sekretaresse)




Dankie is 'n klein woord vir 'n groot onbaatsugtige daad. Baie dankie vir elke ouer wat bereid is om hulleself beskikbaar stel vir die volgende termyn. Julle kundigheid wat julle na die tafel bring en lojaliteit vir die skool is ongelooflik.

Ek doen 'n vriendelike, dog dringende beroep op u as ouergemeenskap om volgende week te kom stem, sodat ons net nog verder kan bou aan ons mooi skool.

Geniet die dag en *Omhels die lewe!*

*L.M. Kruger, Hoof*



## *Rugby – 0/9 tot 0/13*

Oefeninge vind soos volg plaas:
Maandae, Dinsdae en Donderdae vanaf 14:00 tot 15:00

Ouers moet leerders, na die oefening, by die onderste hek by die rugbyveld kry.

Proewe vir 0/13 is op Saterdag, 17 April.

Noord-Suid Toernooi is vanaf 27 April tot 1 Mei by Afrikaans Hoër Seunskool. Slegs 0/13A- en B-spanne gaan deelneem.

Streng Covid-19-regulasies sal gevolg word.

## *Handboekkontrole – Graad 4 tot 7*

Volgende week Maandag, 15 Maart, tot Donderdag, 18 Maart, gaan die graad 4- tot 7-leerders se handboeke, tydens die toetsperiode, gekontroleer word. Ons versoek dat leerders asseblief alle vakke se handboeke op die betrokke dae skool toe sal bring.

## *Ware Wonnie Balkie*

Die skool het met 2020 se afwisselende dae en grendelstaat-onderrig verlede jaar nie Ware Wonnie toekennings gedoen nie, behalwe vir die graad 1-maats wat nog nooit kans gehad het om 'n Ware Wonnie balkie te verdien nie. Onthou asseblief dat daar 'n kriteria is waaraan voldoen moet word om te kwalifiseer vir die toekenning hiervan. Die graad 1-maats wat wel 'n skrywe, saam met 2020 se Jaareindrapport, ontvang het kan 'n balkie by die Klerekas bestel. Graad 2- tot 6-leerders sal weer in 2021 vir Ware Wonnies kan kwalifiseer.

## *Wonderklankies*

Ons eerste oefening begin op Woensdag, 17 Maart, in die saal. Die oefening is net vir 'n uur – vanaf 13:45 tot 14:45. Stuur asseblief die uitstaande briefies voor dan na juf. Carina (K30). Ons sien baie uit!

## *Senior- en Junior Koor*

Die koor se aktiwiteite gaan vanjaar eers wegspring met musiekwaardering.

Senior Koor: Vrydag, 12 Maart, vanaf 13:45-14:45
Junior Koor: Woensdag, 17 Maart, vanaf 13:45-14:45

As gevolg van die onsekerhede wat nog bestaan oor die jaar wat voorlê, sal daar vanjaar geen koordrag wees nie – indien ons wel 'n optrede gaan hê, sal dit in skooldrag plaasvind.

Neem asseblief kennis dat daar geen oefening op Vrydag, 19 Maart, sal wees nie as gevolg van die langnaweek.

## *Vakante Naskooltoesighouerspos*

Laerskool Wonderboom beskik oor 'n toesighouerspos vir graad 6- en 7-leerders by die Wonderboom Alumni Naskoolsentrum vir vulling so spoedig as moontlik. 'n Volledige CV, met dekblad, moet by die kantoor ingehandig word of u kan dit na admin4@wonwen.co.za e-pos. Die sluitingsdatum is Vrydag, 12 Maart, om 12:00. Onderwys- en/of vorige naskoolervaring sal tot aansoekers se voordeel strek.


## *2020-Trofees*

Alle 2020-trofees moet asseblief so gou as moontlik, klaar gegraveer, skool toe gestuur word.




Die oudisies vir Wonnie Teatro vind in kleingroepe in die saal plaas. Kom asseblief by die hoofhek in.

Graad 7, Groep A: 16 Maart 2021 vanaf 14:00 – 15:00
Graad 7, Groep B: 23 Maart 2021 vanaf 14:00 – 15:00



## *BL-verkiesing: 18 Maart 2021 vanaf 07:00 tot 18:00*

Kom trek asseblief u kruisie in belang van die skool.






## *Hokkie – 0/12 tot 0/13*

Oefening is op Dinsdae en Donderdae vanaf 14:00 tot 15:00.

Die proewedatums vir die Northern Blues Hockey het geskuif en is soos volg:
0/12: 11 April
0/13: 18 April

Registrasie: Om u kind te registreer kan u op die volgende skakel ingaan: www.northernsbluesprimary.com/trials. Registrasie vir die proewe sluit op 31 Maart. Indien u reeds u kind geregistreer het, hoef u dit nie weer te doen nie.



## *Skaak*

***Graad 1 tot 3***

Ons oefen Maandae en Woensdae vanaf 13:50 tot 14:50. Leerders kom by juf. Louise se klas (Kamer 8) bymekaar waarna hulle na die regte lokaal, afhangend van hul ouderdom, geneem sal word. Hulle oefen in 8, 26, 28 en 29.

Daar is gewoonlik Maandae beginnersklas by me. L. van der Westhuizen en dan word die beginnersklas se skuiwe en patrone Woensdag deur die skaakpersoneel ingeoefen om 'n stewige fondasie te verseker. Woensdae is daar dan 'n meer gevorderde klas by me. L. van der Westhuizen se Skaak Akademie. Skakel gerus me. L. van der Westhuizen by 084 034 3119. Na afloop van die oefening word die leerders na die Naskoolhek vergesel.

***Graad 4 tot 7***

Die wat aanlyn wil speel, moet hulle name by juf. Adini (K26) kom opgee.

Oefening vir graad 4- tot 7 leerders vind op Saterdae (soos gereël deur Tannie Lelanie) plaas.

## *Alle naskoolaktiwiteite – Toegang tot die skoolterrein*

Neem asseblief kennis dat leerders, vir alle naskool-aktiwiteite, slegs by die Hoofhek (oorkant Arrie Nel Apteek) moet ingaan, sodat die nodige Covid-protokol gevolg kan word.

## *Mini-Netbal – 0/7 tot 0/9*

Oefening is op Dinsdae en Donderdae vanaf 14:00 tot 15:00. Na die oefening, vanaf 15:00 tot 15:10, verdaag die spelers na die Sporthek toe om die toeloop van leerders by die Hoofhek bietjie te verlig. Indien leerders nie binne daardie tyd afgehaal kan word nie, kan ouers hulle by die Hoofhek kom haal.

## *Netbal – 0/10 tot 0/13*

Oefening is op Maandae en Woensdae vanaf 14:00 tot 15:00. Na die oefening, vanaf 15:00 tot 15:10, verdaag die spelers na die Sporthek toe om die toeloop van leerders by die Hoofhek bietjie te verlig. Indien leerders nie binne daardie tyd afgehaal kan word nie, kan ouers hulle by die Hoofhek kom haal.




## *Terugkeer van leerders*

Ons het reeds op 1 Maart, met die terugkeer na Vlak 1, aansoek gedoen om op 100% leerdergetal terug te keer skool toe. Ons wag net vir terugvoer vanaf die Departement en sal u op hoogte hou. Dankie vir die ouers se ondersteuning en lojaliteit in 'n steeds 'vreemde' tyd.




## *Betaling van skoolgeld*

Baie dankie aan die ouers wat getrou hul skoolgeld betaal. Daar word wel 'n afname in die betaling van skoolgeld ondervind en daar is nog heelwat Januarie skoolgeld uitstaande. Ons wil asseblief die ouers aanmoedig om uitstaande skoolgeld op datum te bring. Onthou ook dat skoolgeld **vooruit** betaalbaar is. Die skool se lopende uitgawes bly konstant ten spyte van skoolbywoning van leerders en dié uitgawes kan slegs met u hulp vereffen word.

Ons merk op dat daar reeds rekeninge is wat 90 dae uitstaande is en ons wil dit graag op die ouers se harte druk om hierdie rekeninge so spoedig as moontlik, voor 31 Maart 2021, op datum te bring om te verseker dat daar nie 90 dae kennisgewings uitgestuur word nie en dus nie oorhandig sal word nie.


Ons maak staat op ons Wonnie-ouers om ons in die groot taak by te staan.



Wonnies WONDER

No.2 v. 2021

# WAT DOEN EK BY DIE HUIS?




# Hoekom het ek nie toegang tot die Google Classroom App op my foon of tablet nie?

Wonnie Wolk


Die foon of tablet moet 'n *pin* hê.

Maak seker dat die foon of tablet 'n *pin* het.




Die leerder se Account: naam.van@wonniewolk.co.za moet bygevoeg word op die foon of tablet.




Wanneer die Google Classroom App op die foon of tablet gelaai is, moet jy seker maak dat jy die klas *join*.

*Click* + en gebruik die klaskode.

Wonnie Wolk

**Hou hierdie spasie dop vir weeklikse kommunikasie oor die Wonnie Wolk in Google Classroom.**

# Laerskool Wonderboom

Afleweringsadres:
h/v Braam Pretorius- & Jan Booysenstraat
Annlin, Pretoria

Telefoon 012 543 0208/9
Posbus 293, Montana, 0151
E-Pos admin@wonwen.co.za
Webtuiste www.wonwen.co.za


4 Maart 2021

Geagte Ouers

**WONNIES BULLETJIE RUGBY 2021**

Ons is opgewonde om die jaar met Bulletjie Rugby te kan begin. Ons glo dat elke speler net so opgewonde is om hierdie jaar weer te kan speel. Ons oefening begin op **Maandag, 8 Maart 2021**. Ons wil beklemtoon dat ons alle "Covid-19-regulasies" sal volg en spelers so veilig as moontlik sal hou. Hiermee die inligting rakende Wonnies Bulletjie Rugby:

**Wie kan Bulletjie Rugby speel?**

- Spelers gebore 2015 (0/6) Graad R
- Spelers gebore 2014 (0/7) Graad 1
- Spelers gebore 2013 (0/8) Graad 2
- Elke speler moet registreer vir die Bulletjie Rugby seisoen. Spelers kan by die volgende skakel registreer: https://forms.gle/qMZ57JowGqkrgaxd9

**Koste**

- Koste beloop **R300** vir die seisoen
- Betalings kan op die volgende manier gemaak word:
  **EFT Betaling in skool se rekening:**
  Laerskool Wonderboom
  ABSA – Tjek
  Rekeningnommer: 526 0144 369
  Takkode: 632005
  Verwysing: **425 plus Kind se naam, van en graad**

  E-pos bewys van betaling aan: wonderboomlaerskool@gmail.com

**Oefentye**

Verskillende ouderdomme begin op verskillende tye oefen, om te verhoed dat almal dieselfde tyd by die hekke in en uit gaan.

- Maandae en Woensdae
- Graad R begin 17:45 tot 18:45
- Graad 1 begin 18:00 tot 19:00
- Graad 2 begin 18:15 tot 19:15

**Die betrokke span se afrigter sal die seuns by die hek ontvang waar die nodige Covid-19 regulasies gevolg sal word.**

LET WEL

- **Geen ouers** gaan op die skoolterrein toegelaat word nie.
- Slegs die afrigters wat geregistreer is, sal toegelaat word.
- Ons hou streng by al die regulasies van die Onderwys Departement en die Blou Bulle Rugby Unie

**Wedstryde**

- Op die stadium is daar geen wedstryde teen ander skole nie. Ons hoop dat dit binnekort gaan verander en weer toegelaat sal word.
- Daar sal wel wedstryde teen mekaar gespeel word.

**RSD-Rugby (Rugby Skills Development)**

RSD het reeds met oefening by die Graad R'e begin. Hierdie oefening vind in skooltyd plaas. Onthou daar is n verskil tussen Bulletijie Rugby en RSD. Daar gaan wel ondersteuning van **RSD** (Rugby Skills Development) tydens Bulletjie oefening wees.

Ons het heelwat afrigters nodig. Indien u enige vra oor die Bulletjie Rugby het of betrokke wil raak as afrigter, kan u gerus vir Elizahn by 083 446 4762 of Rochelle by 081 506 1570 kontak.

L. Pieterse
Bulletjie Rugby Organiseerder

L.M. Kruger
Hoof

# Verskeidenheid

## Partytjiepakkies

Bederf u kind en klasmaatjies wanneer hul verjaar. Pakkies word opgemaak volgens behoeftes en prys wat u sak pas. Plaas gerus u bestelling.

## Weeklikse kospakkies

Beskikbaar op bestelling.

## Groot verskeidenheid etes elke dag

Bestel etes voor skool
om pouse by die snoepie af te haal.

# Betalingsopsies

## Kaartfasiliteite beskikbaar

Minimum transaksie: R20

## Vooruitbetalingsopsie

Geldjies kan weekliks/maandeliks vooruit betaal word vir daaglikse aankope. Hierdie is 'n veilige en gerieflike opsie vir ons jonger maatjies.

## Bankbesonderhede

Rekeningnaam: Wonderboom Alumni
Bank: FNB – Tjekrekening
Rekeningnommer: 62864468220
Takkode: 250655
Verwysing: 10701 + Naam & Van

# Kontakpersoon

Mev. Tinka Heckroodt
snoepie@wonwen.co.za
Vir meer besonderhede of indien u enige navrae oor die dienste van die snoepwinkel het.

E E

**BROODJIES (Gerooster of vars / wit of bruin brood)**
- Kaas (R10)
- Ham en kaas (R15)
- Kaas en tamatie (R15)
- Ham, kaas en tamatie (R22)
- Maalvleis en kaas (R25)
- Hoender mayo (R25)
- Spek en kaas (R25)
- Wonnie Toebie (hoender, ham, kaas met ons spesiale sous) (R25)

**ANDER**
- Warm skyfies (R20)
- Chip dog (Hotdog en warm skyfies) (R25)
- Kaasworsies en warm skyfies (R25)
- Hoender nuggets en warm skyfies (R25)
- Hoender soet chilli Pita (R35)
- Ontbyt Pita (roereier, spek en kaas) (R35)
- Muesli, vrugte en yoghurt bakkie (R25)

**BURGERS**
- Hoender mayo (R20)
- Hawaiian hoender burger (kaas en pynappelring) (R30)
- Beef burger (R20)
- Rib burger (R20)

**SLAAIE**
- Krummel hoenderslaai (R30)
- Pasta hoenderslaai (R30)
- Biltong & cous-cous slaai (R35)

**BURGER KOMBINASIES**
- Krummel hoender en kaas burger met skyfies (R35)
- Beef burger met kaasplakkie en skyfies (R35)
- Rib burger & skyfies (R35)

**GESONDHEIDSBROODJIES**
- Blaarslaai, komkommer, ham, kaas en tamatie (R20)
- Blaarslaai, komkommer en hoender mayo (R25)
- Wrap met hoender en pynappel (R35)

**HOTDOGS**
Vienna (R10)

**Hou gerus ons webblad www.wonwen.co.za dop vir enige spesiale aanbiedinge.**














MySchool MyVillage MyPlanet

PLACE STICKER FROM CARD HERE
Place sticker from card here,
or insert card number on web application

# Supporter Card Application

Apply online www.myschool.co.za OR e-mail cs@myschool.co.za OR call 0860 100 445 OR complete this form and fax to 0866 822 833.

**This request is for a:** New Card ☐ Replacement Card ☐ Change Beneficiary ☐ Link to Woolworths ☐

If you are a current MySchool supporter, please provide your card number.

Your card no: ☐☐☐☐ ☐☐☐☐ ☐☐☐☐ ☐☐☐☐

## 1. BENEFICIARY DETAILS: (YOU MAY CHOOSE TO SUPPORT UP TO 3 BENEFICIARIES)

| Beneficiary name | City / Region |
|---|---|
| 1. Wonderboom, Laerskool - Pta [422] | H/v Braam Pretorius & Jan Booysen Str, ANNLIN, |
| 2. | |
| 3. | |

LAERSKOOL WONDERBOOM
STAAN VAS

## 2. CREATE YOUR PROFILE:

***Title:**

***First Name:**

***Surname:**

***ID or Passport Number:**

*Your ID or Passport number is compulsory in order for us to process your application

***Date of birth:** Y Y Y Y M M D D

***Postal Address:**
(For card delivery)

**Postal Code:**

***E-mail:**

**Telephone (H):** **Cellphone:**

## 3. STAY INFORMED:

Want to know how your contribution makes a difference? MySchool MyVillage MyPlanet will send you all the latest news on our schools and charities plus information on exciting competitions. You may choose not to receive this information:

☐ **I DO NOT WANT** to receive promotional information from MySchool MyVillage MyPlanet.

Your MySchool MyVillage MyPlanet card gives you automatic membership to Woolworths **W**Rewards loyalty programme. By swiping your MySchool MyVillage MyPlanet card at Woolworths you automatically enjoy **W**Rewards instant savings. The more you shop the more Woolworths will reward you with special vouchers, let you know first about exclusive sale previews, and other loyalty rewards. We'll add you automatically unless you ask us not to by ticking the box below.

☐ **I DO NOT WANT** to join WRewards

If you've just joined **W**Rewards, welcome to the family! In addition to your loyalty rewards we're going to send you information about new products, great savings and exciting competitions. Not interested? You can unsubscribe from promotional information that does not relate to your exclusive **W**Rewards benefits by updating your profile online at www.woolworths.co.za or by calling 0861 50 20 50. Or you can optout here:

**I DO NOT WANT** to receive promotional information from:

☐ Woolworths

☐ Woolworths Financial Services

If you're already a Woolworths cardholder or WRewards member contact the Woolworths call centre or update your Woolworths profile at www.woolworths.co.za to manage what information you receive.

## 4. AGREEING TO THE TERMS AND CONDITIONS

By signing this application form you accept the MySchool Terms and Conditions (available at www.myschool.co.za).

**Your Signature**________________________________________**Date**______________

Terms and Conditions apply. For full details about MyShool MyVillage MyPlanet card usage T&C's - visit www.myschool.co.za.

**EVERY SWIPE COUNTS!**